**Liturg: Ds Johan Willemse**

**Teks**

Numeri 21:4-9 & Johannes 3:10-18

**Fokusvers:**

Numeri 21:9 & Johannes 3:14-15

**Tema:**

Lewe deur jou oë te rig op die Seun van die mens!

**Datum:**

21 Junie 2026

## 1. <u>Inleiding</u>

Geliefdes in ons Here,

Dit gaan nie oor **wat** ons vra nie, maar **hoe** ons dit vra. Dink byvoorbeeld terug aan jou kinderjare, of jou kinders se grootwordjare:

- Jonger kinders kry 'n *hoekom* of *waarom-fase*. As dit badtyd is, dan word daar eers gevra: "*hoekom bad ons?*" Later is dit weer: "*Waarom gebruik ons seep? Hoekom moet ek tande borsel?*" en so gaan dit voort... Op daardie ouderdom probeer hulle nog die wêreld verstaan, daarom vra hulle vrae uit **nuuskierigheid**.
- Maar wanneer kinders groter word en meer en meer van die wêreld leer, verander dit. Wanneer 'n tiener *hoekom* of *waarom* vra, is dit nie noodwendig om meer inligting te kry nie. Hulle is nie op soek na die rede vir die opdrag nie, hulle **bevraagteken die bedoeling** van die opdrag. In sommige gevalle maak die opdrag nie eers saak nie, dit gaan oor die persoon wat die opdrag gee.

Wanneer ons 'n vraag vra, speel ons bedoeling en gesindheid 'n groot rol hoe die hoorder die vraag moet interpreteer. Soms soek 'n vraag nie 'n verduideliking nie, maar is dit 'n **beskuldiging**. Dit is 'n vraag wat **rebelleer** teen die gesag van die een wat die opdrag gee. Dit is presies wat ons in Numeri 21:4-9 sien.

## 2. <u>Liggaam</u>

### 2.1. Die volk se ongeduld:

Die volk nader die einde van hulle veertig jaar in die woestyn.

- In hierdie tyd het hulle klere nie verslyt nie en hulle voete nie geswel nie. Die Here het keer op keer vir hulle water gegee en hulle met manna en kwartels gevoed. Hulle het onder die beskerming van die allerhoogste God gelewe. Hulle was in 'n dor wêreld, maar op pad na die beloofde land. Hulle moes net vertrou dat God hulle steeds begelei en beskerm.

Maar Israel het ook teëspoed beleef. Omdat Edom nie vir Israel toegelaat het om die direkte pad na Kanaän te neem nie, moes hulle **rondom** Edom trek, in die rigting van die Rietsee. Dit het die volk baie ontstel, ons lees dan in vers 4 dat hulle op pad **ongeduldig** geword het (21:4). En ons kan dit goed verstaan.

Die woestyn was nie 'n vriendelike omgewing nie. Die volk was moeg om die heeltyd te reis. Boonop, het almal van twintig jaar en ouer gesterf in die woestyn (Num. 14:21). In die vorige hoofstuk (Num. 20) lees ons van die afsterwe van Miriam en Aäron. Daarom was die volk nog *haastiger* om die beloofde land binne te gaan.

Maar ons vertalings dra nie die volk se gevoel mooi oor nie. In vers 4 staan daar eintlik dat: '*die siel van die volk ingekort was*'. Met ander woorde, in hulle diepste wese het hulle **gefrustreerd** geraak, hulle het gevoel asof God hulle **verontreg**, hulle was **onvergenoegd**.

Daarom sê vers 5 dat hulle "*teen God en Moses* ***uitgevaar***" het. Tydens die volk se omswerwinge in die woestyn, het hulle dikwels gekla en gemurmureer oor die omstandighede. Maar hierdie keer was dit anders. Gewoonlik was hulle frustrasie gerig op Moses en Aäron, maar vers 5 maak dit duidelik dat hulle teen God en Moses uitgevaar het.

Dan vra hulle wáárom... "***Wáárom*** *het U ons uit Egipte laat trek net om in die woestyn te* <u>*sterwe*</u>*?*" Hulle is nie op soek na antwoorde nie, maar bring eintlik 'n beskuldiging teen God. Hulle sê dat God hulle nie gered het om hulle die **lewe** te gee nie, maar om hulle te laat **sterf**.

Om dit erger te maak, voeg die volk by: "*Hier is nie brood en water nie, en ons is **sat** vir hierdie **slegte** kos.*" Die ou vertaling sê: "*ons siel walg van die ellendige kos.*" Die volk is verbitterd en opstandig. Hulle begin hulself weerspreek, want hulle kla dat daar geen brood en water is nie. Maar die Here het elke dag brood uit die hemel gegee en water in die woestyn voorsien.

Die probleem is dat **hulle God se voorsiening verag**. Uit genade het God vir hulle lewe in die woestyn gegee, maar in ongeloof noem hulle dit *waardeloos* en *ellendig*. Soos slange spoeg hulle giftige vrae uit: "*Waarom het U ons uit Egipte laat trek? Daar het ons **lewe** gehad, maar nou gaan ons in die woestyn **sterwe**...*"

Net weer kortliks:

- Die volk se sonde is nie bloot ongeduldigheid nie, maar <u>*ongelowige ontevredenheid*</u>. Hulle oë het afgedwaal van die Here af. Hulle kyk nie meer na Hom vir die lewe nie. Trouens, hulle verag wat die Here uit genade gee. Daarom vaar hulle teen die Here uit. Wanneer hulle vra: "*Waarom?!*" is dit 'n vraag vol gif. Hulle sê eintlik: "*Ons wil weer eerder die lewe in Egipte gaan soek.*"

Wanneer ons die erns van die volk se sonde verstaan, dan maak die Here se reaksie daarop sin.

### 2.2. Die Here se les:

Vers 6 sê dat die Here: "*giftige slange onder die volk ingestuur het. Die slange het die mense gepik en baie Israeliete het gesterf.*" Broers en susters, dit is dalk nie so duidelik nie, maar daar is baie simboliek hieragter:

**Eerstens:** Ons moet nie dink dat die slange ewe skielik onder die klippe en tussen die grasse uitgeseil het nie. Die volk was in die woestyn, tussen die adders. Interessant genoeg, baie

kenners meen dat hierdie die Egiptiese Adder (*Echis pyramidum*) was, slange wat steeds volop in die Midde-Ooste en Noord-Afrika voorkom.

Ons kan vers 6 egter ook vertaal: "*die Here het giftige slange onder die volk* ***losgelaat****.*" Die adders was reeds daar. Die volk het elke dag verby hulle geloop, langs hulle getrap, bo-op hulle gate tent opgeslaan. Maar nou het die volk teen die Here uitgevaar en hulle verhouding met God vergiftig. Daarom het die Here sy hand van beskerming weggeneem.

**Tweedens:** Die volk het nie geglo dat die Here vir hulle lewe kan gee nie. Hulle het elke dag onder die genadige beskikking van die Here gelewe. Hy het vir hulle alles gegee wat nodig is. Hulle moes net hulle oë op Hom gerig hou. Maar hulle het teen God gesondig (21:7) en die lewe op 'n ander plek gaan soek.

Dit laat ons terugdink aan Adam en Eva in die paradys. Daar het God ook uit genade alles gegee wat nodig was tot die lewe. Maar die slang het die lewe van hulle weggevat. Deur sy giftige vrae het die slang Adam en Eva laat twyfel in die Here. Gevolglik het hulle gesterf.

**Derdens:** Die volk wou teruggaan na Egipte, want hulle het gedink dat die lewe daar te vinde was. Omdat slange volop in die woestyn voorgekom het, het hulle 'n prominente plek in die Egiptenaars se lewe ingeneem. Slange was gesien as Egipte en die Farao se beskermer. Die hiërogliewe beeld dikwels vuurspuende slange rondom die Farao se troon uit.

Die volk soek die lewe by Egipte en die Here gee vir hulle 'n voorsmakie daarvan. Die Here laat letterlik *slange wat brand* onder hulle los.

In die aangesig van die dood, in hulle nood en benoudheid, bely die volk hulle sondes: "*Ons het teen die Here en teen u gesondig met wat ons gesê het.*" Die probleem was nooit die kos wat hulle moes eet of die ompad wat hulle moes vat nie. Die probleem was hulle ongeloof en ontevredenheid.

Dan pleit die volk by Moses: "*Bid tog tot die Here dat Hy die slange van ons af wegneem.*" Maar as ons mooi kyk, sal ons sien dat die Here nooit die volk se gebed beantwoord het nie.

Die Here beveel vir Moses om ’n beeld van ’n slang te maak en dit op ’n paal te sit. Moses het toe ’n koperslang gemaak en dit op ’n paal gesit. As iemand deur ’n slang gepik is, moes hulle na die koperslang opkyk, dan het hulle bly lewe. Hy neem nie die slange weg nie, maar Hy gee vir die volk ’n manier om te bly lewe wanneer hulle gepik is. Hy neem die krag van die slang en die vrees vir die dood weg.

Geliefdes, besef u hoe besonders hierdie oplossing was?

Die Here gebruik die gebrokenheid van hierdie wêreld om die goeie voort te bring. Wat was die Here se antwoord op die volk se gebed? Hulle moes opkyk na ’n koperslang... Hulle moes vaskyk in ’n beeld van die einste gedierte wat hulle gepik het.

Die slang verteenwoordig van die begin af die bose en die sonde. Wanneer die volk ’n slang se seilmerk in die sand gesien het, sou dit hulle herinner aan God se vloek.

Maar die Here draai die vloek om in ’n seën. Hy bring die lewe deur ’n teken van die dood. Só het die Here telkens gewerk. Diere sterf as offer vir die sonde, sodat mense kan lewe. Bloed wat normaalweg die mens onrein maak, word juis gebruik om te reinig.

Die Here het hierdeur ook die volk geleer om op Hom alleen te vertrou vir lewe. Hulle oë het afgedwaal, en hulle het sy genade verag. Maar elkeen wat deur ’n slang gepik is, moes met vertroue na die paal toe hardloop, hulle moes opkyk en vas glo in die belofte dat God hulle sal verlos. Hulle moes nie net vinnig kyk nie, maar met hoop en verwagting moes hulle na God kyk. Hy het hulle geleer om weer hulle oë op Hom te hou vir die lewe!

**2.3. Christus ons lewe:**

Geliefdes, dit bring ons by die Nuwe Testament. In 1 Korintiërs 10 leer God ons dat die verhaal van die koperslang vir ons opgeteken is as 'n <u>voorbeeld</u> en <u>waarskuwing</u>. **Ons moet leer** om (10:6 & 11) "*nie soos die volk deur ons sondige begeertes gedryf te word nie.*" Hierdie verhaal gaan nie net oor Israel nie, maar oor ons.

Die verhaal van God se volk herhaal in die lewe van gelowiges. Soos Israel is ons wandelaars in 'n dor, verlate en gebroke wêreld. Die pad raak lank, ons raak moeg en ongeduldig. Ons begin kla oor die omstandighede. Ons verloor perspektief van die Here se genade en voorsienigheid.

Maar ons nood is veel groter as die uiterlike omstandighede. Die Israeliete is deur giftige slange gebyt en hulle het gesterf. Maar die mensdom dra die bytmerk van die slang in die tuin van Eden. Die gif van die sonde vloei deur ons are en vernietig ons lewens. Ons is nie net siek nie, maar sterwend.

Wat kan ons doen?

Laat ons dan ag slaan op die voorbeeld wat die Here vir ons gee:

Ons moet ons nood en ellende verstaan. Ons probleem is die sonde. Ons het teen die Here uitgevaar en verdien die dood. Ons is sterwend weens ons ongehoorsaamheid en ongeloof. Net soos die volk moet ons na die Here vlug. As ons die lewe wil hê, dan moet ons gaan na die Outeur, na die Bron van Lewe.

En dit is juis hier waar die lig van die evangelie deurskyn. Christus sê: "*Moses het die slang in die woestyn hoog op 'n paal gesit; so moet die Seun van die mens verhoog word, sodat elkeen wat in Hom glo, die ewige lewe kan hê.*"

Hier sien ons ook die <u>ooreenkomste</u> tussen die koperslang en die kruis:

Die **koperslang** het die oordeel van die volk uitgebeeld. En tog, as iemand deur ʼn slang gepik was en na die koperslang opgekyk het, sou hulle bly leef. Die teken van oordeel word die middel waardeur God die lewe skenk.

En geliefdes, ons moet mooi verstaan dat die koperafbeelding geen krag gehad het nie. Later in Israel se geskiedenis het die volk hierdie beeld begin aanbid, toe het die koning die beeld stukkend geslaan (2 Kon. 18:4). Die beeld kon nie lewe of genesing geskenk het nie. Dit was net ʼn uiterlike teken waarna hulle gekyk het.

Die volk moes egter die belofte van God met hulle hele hart glo! God het belowe: "*Elkeen wat daarna kyk, sal lewe.*" Hulle het met hulle oë na die koperslang gekyk, maar hulle harte was op God gerig.

En dit is presies waarna **Jesus** verwys in Johannes 3. Die kruis wat sonde en oordeel uitbeeld. Die kruis wat die dood bring. Die kruis waar sondaars en misdadigers hang. Na daardie kruis gaan die Seun van die mens.

Die volmaakte God kom na die wêreld, gebore as ʼn mens. Hy word in ons plek as ʼn skuldige misdadiger behandel (Mat. 27:15-26; Luk. 23:13-25). Hy hang aan die vloekhout van die kruis (Gal. 3:10-14). Hy word deur die slang aan die hakskeen gebyt, en word deur die dood verteer.

Maar Hy staan as oorwinnaar op (1 Kor. 15:45-57). Hy word verhoog tot aan die regterhand van die Vader. Hy vermorsel die kop van die slang en oorwin die mag van die sonde. Christus was sonder sonde, maar God het Hom in ons plek as sondaar behandel, sodat ons deur God vrygespreek kan word (2 Kor. 5:21).

Wanneer ons met gelowige harte en siele, na Hom kyk, ontvang ons die ewige lewe. So lui die belofte van die evangelie: "*God het die wêreld so liefgehad dat Hy sy enigste Seun gegee het, sodat dié wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie maar die ewige lewe sal hê.*"

Geliefdes, kyk na Christus. Glo in Hóm!

Dit bring ons by ons laaste punt.

**2.4. Hou jou oë op Christus:**

Geliefdes, as Israel se verhaal vir ons as ŉ voorbeeld dien, hoe lyk dit prakties in ons lewens? Kom ons lig twee punte uit:

**Eerstens:** Ons moet waak teen Israel se ongeduld in die woestyn. Ons moet oppas dat ons nie opstandig word nie. Soms duur ons woestyntog langer as wat ons verwag. Wanneer ons moeg en uitgeteer is, dan moet ons **dankbaar** en **geduldig** bly. Ons moet **leer om vergenoegd te wees** met die genade van die Here (Fil. 4:11-13).

Prakties beteken dit om vir die Here dankie te sê! Dankbaarheid het ŉ reuseinvloed op ons harte!

- Dink aan die alledaagse voorbeeld van ŉ huwelik. Wanneer ŉ paartjie pasgetroud is, dan is daar baie wedersydse dankbaarheid. Elke keer wanneer een van hulle iets doen, dan sê die ander een dankie. Maar wat gebeur wanneer hulle ophou dankie sê? Wat gebeur as ons gewoond raak dat die ander een iets doen? Wanneer dit gebeur, dan raak verhoudings bitter. Skielik begin die twee mekaar verwyt.

Daarom geliefdes, dank die Here vir sy genade en vir die lewe wat hy gee.

**Tweedens:** Moet nie jou lewe en hulp buite die Here gaan soek nie. Vlug na God, hou jou oë gerig op Christus.

Netsoos Israel het ons ook baie vrae vir God: "*Here, hoekom, waarom?... Hoekom juis hierdie pad? Waarom moet ek hierdie dinge beleef?*" Hierdie vrae kom by almal op... Ouers, kinders, selfs ouderlinge en dominees. Dit is nie verkeerd om vrae te vra nie, maar dit gaan oor **<u>hoe</u>** ons vra.

- Soms vra ons soos klein kindertjies, op soek na kennis. Ons wil leiding hê en wonder wat die rede vir die gebeure is.

- Maar ander kere vra ons uit ongeloof en rebellie. Ons vaar uit teen die Here en ons word ontevrede en ondankbaar. Ons verag die genade van die Here en ons oë dwaal van die Here en sy beloftes af weg. Ons beskou die lewe wat ons uit die genade van die Here ontvang, as ellendig of waardeloos...

Daarom geliefdes, vra vrae, maar hou julle oë op Christus. Die waarheid is dat ons nie altyd antwoorde op ons vrae kry nie. Maar in jou swaarkry en moegheid, wanneer jy ongeduldig raak oor jou omstandighede, kyk na Christus.

**3. <u>Slot</u>**

Geliefdes, ek sluit af met die woorde van die Skrif (Joh. 3:16 & Heb. 12:1-2):

"*God het die wêreld so liefgehad dat Hy sy enigste Seun gegee het, sodat dié wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie maar die ewige lewe sal hê. Laat ons dan die wedloop wat vir ons voorlê, met volharding hardloop, die oog gevestig op Jesus, die Begin en Voleinder van die geloof.*"

# Amen